

JOU SLIMREISGIDS



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

SLIM REIS

Slimmer, meer volhoubare maniere om ons bestemmings te bereik maak dit deesdae makliker om ons reisgedrag te verander, en bied boonop kostebesparings, omgewingsvoordele, minder opeenhoping op ons paaie, en, 'n beter lewensgehalte in Kaapstad.


Nou is die ideale tyd om na te dink oor hoe jy en jou gesin daaglik rondbeweeg en hoe julle die koste van julle reise tussen die huis, werk, skool en ontspanningsplekke kan verlaag.

An illustration of a woman with dark skin and hair tied in a bun, wearing an orange shirt and blue pants. She is holding a large yellow sign with both hands. The sign has the text 'REIS VOLHOUBAAR ELKE DAG' on it. She is standing in front of a blue wall with a white sign above her. The background on the left is a light blue map pattern.

**REIS
VOLHOUBAAR
ELKE
DAG**

HOE REIS TOT KLIMAATS-VERANDERING BYDRA

Die gemiddelde temperatuur op aarde het 10 000 jaar lank weinig verander, maar **het die afgelope 100 jaar begin styg.**




Wetenskaplikes het bevind dat hierdie aardverwarming **hoër konsentrasie kweekhuisgasse in die atmosfeer.**



Die meeste kweekhuisgasse word **afgegee wanneer fossielbrandstowwe soos olie en steenkool verbrand word**, wat koolstofdioksied (CO₂) in die atmosfeer vrystel.



Hierdie gasse help vang hitte in die aarde se atmosfeer vas, wat op sy beurt **die oseane warmer maak en wind- en waterstrome sowel as weerpatrone verander.**



Namate die aarde warmer word, **begin smelt die poolysdekke.** Dit verhoog seevlakke en maak laagliggende gebiede kwesbaar vir oorstromings.



Groter weeruiterstes sal waarskynlik mettertyd voorkom. Hier in die Wes-Kaap sal ons na verwagting al hoe minder reën kry, en wanneer daar storms uitbreek, sal dit heel moontlik erger wees as vantevore.





WAT IS FOSSIEL- BRANDSTOWWE?

Fossielbrandstowwe is baie ou brandstowwe wat oor miljoene jare ontwikkel het tot die olie en steenkool wat in heelwat van ons energiebehoefte voorsien.

Olie is die brandstof wat die meeste motorvoertuie aandryf, en steenkool word verbrand om elektrisiteit vir die meeste Suid-Afrikaanse huise en ondernemings op te wek.

Olie en steenkool is ook bekend as niehernubare energiebronne omdat dit eendag sal opraak. Kommer oor wanneer dít kan gebeur, sowel as die impak van klimaatsverandering op die planeet, laat mense nou toenemend na meer volhoubare bronne van hernubare energie oorskakel.

MAAK DIE REGTE REISKEUSES

Meer as die helfte van alle energieverbruik in Kaapstad is as gevolg van reis. Daarom is reis ook 'n groot bydraer tot die stad se kweekhuisgasvrystellings, wat klimaatsverandering veroorsaak.

Lugbesoedeling as gevolg van motorvervoer **dra boonop by tot asemhaling- en ander siektes** wat dikwels in oorvol stede met baie privaat motors voorkom.

Deur te kies om openbare vervoer te gebruik, te stap of fiets te ry, kan jy jou eie bydrae tot klimaatsverandering verminder, selfs al maak jy net soms van meer volhoubare vorme van reis en vervoer gebruik.



Begin met klein veranderinge wat jy taamlik maklik kan aanbring.

Klein veranderinge in ons reisgewoontes kan 'n verskil maak.



KIES OPENBARE VERVOER

Omdat groot getalle passasiers tegelyk met openbare vervoer kan ry, is dit 'n meer omgewingsvolhoubare manier om in die stad rond te beweeg. Vir individue is dit ook goedkoper om openbare vervoer te gebruik as om 'n privaat voertuig in stand te hou.



OPENBARE VERVOER



MYCITI-BUSDIENS

Hierdie **geskeduleerde, gerieflike** busdiens funksioneer in en om die middestad en die Atlantiese kusgebied, met aansluitings na Khayelitsha en Mitchells Plain.

MyCiTi is 'n **kontantvrye** stelsel, en jy het 'n **myconnect**-kaart met reisgeld op nodig om die diens te gebruik.

www.myciti.org.za




GOLDEN ARROW- BUSDIENS

Hierdie busdiens bedien die meeste dele van die stad, veral in **spitstyd** soggens en smiddae.

Jy kan met **kontant** betaal of weeklikse en maandelikse **knipkaarte** koop.

www.gabs.co.za



METRORAIL

Metrorail is die **voorstedelike passasierstreindiens**. Hoewel die diens sekere uitdagings ondervind, maak dit steeds die ruggraat van die openbare vervoerstelsel uit.

www.metrorail.co.za



MINIBUS TAXIS

Roep een van hierdie taxi's van **langs die pad**, of haal een by 'n **openbare vervoerwisselaar**. Minibustaxi's funksioneer op vasgestelde roetes deur die hele Kaapstad. Sê vir die bestuurder waar jy wil afklim. Betaal in die taxi vir jou rit, verkieslik met die presiese bedrag.

PRIVAAT VERVOER

DEEL RITTE ✓



Sluit by 'n **saamryklub** aan om **kweekhuisgasvrystellings te verminder, geld te spaar en jou spanningsvlakke te verlaag**. Hoe meer mense saamry, hoe meer tyd spaar almal danksy minder opeenhoping op die paaie. Soek na reisgenote by jou werkplek, in jou gemeenskap of met behulp van verskillende webtuistes en toepassings. Reisgenote maak weekliks of maandeliks beurte om hulle motors te gebruik. Jy kan **petrolkoste** van jou medepassasiers verhaal, solank julle die koste gelyk verdeel en niemand enige wins maak nie.

KIES 'N VRIENDELIKE ✓



As jy 'n motor wil koop, kies 'n klein, brandstofdoeltreffende model wat min koolstof vrystel, verkieslik een met 'n hoë herwinbare inhoud wat plaaslik vervaardig is.

KOÖRDINEER SAAMRY- GELEENTHEDE ✓



Begin 'n kletsgroep met ander ouers in jou buurt om saamrygeleenthede na en van die skool, sportbyeenkomste en naskoolse aktiwiteite te koördineer. Sodoende verminder julle die getal ritte per gesin.

GEBRUIK METERTAXI'S EN E-ROEPDIENSTE ✓



Danksy tegnologie is metertaxi's en e-roepdienste nou veel geriefliker en 'n manier om die gebruik van privaat motors te verminder. Voertuie laai passasiers naaste aan hulle op, wat opeenhoping en vrystellings verminder. Ry saam met ander om koste te verlaag.

WEES BUIGSAAM IN HOE JY WERK ✓



Tegnologie maak dit moontlik om sommige dae van die week óf 'n deel van elke dag van die huis af te werk, of om skiktyd te werk sodat jy buite spitstyd kan reis. Bespreek so 'n reëling met jou werkgever.

Gebruik e-pos, samewerkingsagteware en konferensie-oproepe om spanwerk en produktiwiteit te bevorder, en aanlyn tydhoustersels om rekord te hou van werkstyd.

Studies toon dat mense dikwels gelukkiger en meer produktief is as hulle buigsaam werk.

GEBRUIK 'N PARKEER-EN-RY- ✓



Daar is baie parkeer-en-ry-fasiliteite naby openbare vervoer. Laat jou motor by 'n veilige fasiliteit en ry verder met openbare vervoer. Sodoende help verminder jy opeenhoping op die pad en kry jy sommer ook tyd om te lees of te ontspan.

WENKE OM SLIM TE BESTUUR

Indien jy jou motor móét gebruik, stel hierdie kostebesparingswenke op die proef:




Voordat jy wegtrek, gaan jou bande, skokbrekers, remme en stuurstelsel na. Maak seker dat jy genoeg brandstof het en dat jou selfoon gelaai is.



Hou jou voertuig in 'n goeie toestand om te keer dat dit langs die pad onklaar raak en jou in gevaar stel om 'n ongeluk te maak of 'n misdaadslagoffer te word.



Gehoorsaam die snelheidspark. Voertuie werk die doeltreffendste teen 'n snelheid van 100 tot 120 km/h.



Gaan jou banddruk en die toestand van jou bande na. Bande het 'n groot invloed op brandstofverbruik, padhouvermoë, remdoeltreffendheid en waterhantering.

Lekplekke in bande is 'n groot oorsaak van onklaarraking. Maak seker dat jou noodband reg gepomp is. Voldoen aan die vervaardiger se voorgeskrewe banddruk vir minder en meer passasiers om maksimum brandstofdoeltreffendheid te verseker. Dié voorskrifte verskyn op die dataplaat teen die deurstyl of binne-in die brandstofdob.



Wissel ratte onder 2 000 omwentelings per minuut (o.p.m.), veral van eerste na derde rat. Ry in die hoogste moontlike rat teen die laagste moontlike o.p.m. Dít sal jou onmiddellik heelwat aan brandstofkoste help bespaar.



Met bewustheid, oplettheid en konsentrasie kan jy vooruit beplan om skielike voorvalle op die pad suksesvol te bestuur. As jy weet waartoe die voertuig én jy in staat is, en op die pad bly konsentreer terwyl jy by padveranderinge en verkeersontwrigtings aanpas, kan jy in 'n noodgeval geleidelik stadiger ry, wat voortydige slytasie verhoed.

'Bestuur die voertuie rondom jou' – met ander woorde, let op wat ander padgebruikers doen en die soort voertuie waarmee hulle ry. Indien hulle skielik tot 'n stilstand kom, sal jy veilig kan stop?

Skenk aandag aan verkeersligte en padversperrings om te verhoed dat jy dikwels moet stop en dus moet afrat. Laer ratte verg meer energie/brandstof om die voertuig te laat beweeg. Laat dit vloei!



Beplan jou rit om te keer dat jy verdwaal en nie oplet wat rondom jou gebeur nie. Laat genoeg tyd toe vir jou rit sodat jy nie haastig of gespanne is nie. Mobiele toepassings kan jou deesdae ook die kortste pad na jou bestemming of die roete met die minste verkeer help kies.



Bestuur met 'n 'ligte voet'. Om egalig snelheid te vermeerder en te verminder spaar brandstof. Verwissel egalig en geleidelik van baan, en bou spoed op namate jy 'n opdraande nader.



Vermyn ritte in spitstyd. Dit sal jou tyd en geld spaar én jou koolstofvoetspoor verklein omdat jy nie met 'n luiende enjin in druk verkeer sal vassit nie.


NIEGE-MOTORISEERDE VERVOER

Om te stap, fiets te ry en 'n skaatsplank te gebruik is alles koolstofligte, **omgewingsvriendelike** vervoerkeuses. Ons noem dit niegemotoriseerde vervoer.

Hierdie aktiewe mobiliteitsopsies pas nie almal se leefstyl nie. Namate paaie al hoe voller word, **is dit egter goed om te dink aan maniere om niegemotoriseerde vervoer by jou lewe in te sluit**, al is dit net vir kort afstande of ontspanningsaktiwiteite.



10 FIETSE OF 1 MOTOR





WEES VEILIG OP JOU FIETS


Ons wil Kaapstad graag 'n stad maak waar dit maklik en veilig is om fiets te ry. Nie alle gebiede van die stad het egter toegewyde fietsbane nie, wat fietsryers kan afskrik.

Die organisasies Pedal Power en die Bicycle Empowerment Network (BEN) bevorder fietsry vir ontspannings- en pendeldoelindes en **bied nuttige advies om veilig en verantwoordelik fiets te ry.**

Motoriste word ook aangemoedig om meer bewus te wees van fietsryers op die pad, en meer verdraagsaamheid te toon. Die meeste fietsongelukke behels fietsryers wat van agter deur 'n motorvoertuig getref is.

Fietsryers is uiters kwesbaar wanneer hulle die pad met motors en ander voertuie deel. Daarom moet motoriste baie waaksaam wees en 'n veilige afstand van ten minste 'n meter handhaaf wanneer hulle fietsryers verbystee.

**VOLHOUBAARHEID
VEREIS NIE
NET MINDER
SKADE NIE,
MAAR OOK
MEER GOED.**





TAP, WAAR DIT OOK AL MOONTLIK IS

Baie van ons spring outomaties in die motor om iets te gaan doen of iewers heen te gaan. **Met 'n bietjie beplanning is dit egter moontlik om party ritte te spaar óf te voet te kom waar jy wil wees.**

Al hoe meer mense besef die gesondheidsvoordele van stap. **Kort stappies na en van openbare vervoer, om vergaderings by te woon of inkopies te gaan doen dra alles by tot die 5 000 tot 10 000 treë** wat alle volwassenes daaglik moet probeer stap vir goeie gesondheid en welstand.

Kinders word aangemoedig om te stap waar dit moontlik en veilig is. In sommige gebiede reël ouers en skole stapgroepe wat deur 'n volwassene gelei word om kinders op 'n prettige, aktiewe en veilige manier by die skole in die buurt te kry.

VIR VERDERE INLIGTING

E-pos: smart.driver@capetown.gov.za

BYKOMENDE KONTAKBESONDERHEDE

OPTION 1: Laai die Stad se toepassing vir munisipale dienste af. Te kry op die Apple App Store en Google Play Store.



<https://apple.co/3pZAkth>



<https://bit.ly/3pMGltv>

OPSIE 2: Kontak die Stad se kliëntedienssentrum by **0860 103 089** of **contact.us@capetown.gov.za**. Die diens is voltyds beskikbaar, en agente is Afrikaans, Engels en Xhosa magtig.

OPSIE 3: Registreer 'n diensversoek op die Stad se selfhelpwebblad, **www.capetown.gov.za/servicerequests**. Kies "Transport, Traffic and Roads"



OPSIE 4: Skandeer die QR-kode langsaan om jou na die selfhelpdiens te neem.

Hierdie brosjure én ander nuttige gidse is elektronies te kry. Gaan na **www.capetown.gov.za/urbanmobility**.

SOSIALE MEDIA

Follow us:

City of Cape Town
 @cityofct
 @UrbanMobility



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD